

BORDUUR 'N STOEL

deur HENRIETTE LOUW



Indien jy dalk 'n ou stoel het
wat jy al wou wegmaak, kan
jy hom met hierdie
borduurwerk in 'n
waardevolle besitting
omskep

BORDUUR 'N STOEL

Werk eers die Z-vormige rye en vul dan die klein geometriese fatsoene in.

GAASWERK is 'n veelsydige vorm van borduurwerk wat feitlik vir enigiets van 'n brilhaar tot 'n stoelkussing of stoelbekleedsel gebruik kan word. Ons het besluit dat hierdie ontwerp besonder geskik is vir stoelbekleedsel, en het dowwe skakerings van blou en beige gekies om die antieke stoel wat oorgetrek moes word te komplementeer.

Die kleurskema kan na willekeur verander word en in helderder kleure geborduur word vir 'n meer moderne stoel of anders kan vyf subtiële skakerings van een kleur gekies word om die skerpheid van die diagonale patroon te versag.

Vir hierdie ontwerp het ons enkeldraad-gaas met 18 enkeldrade per 2,5 cm gekies asook Coats-tapisseriewol in drie skakerings van blou (0850, 0849 en 0158) en twee skakerings van beige (0902 en 0437). Dit word met 'n tapisserienaald gewerk. Jy kan 'n ander soort gaas ook kies, afhangende van wat jy wil maak, maar sorg dat die gaatjies net nie te klein is om die wol deur te trek nie of dat hulle nie te groot is nie sodat die wol nie die gaas behoorlik bedek nie.

Die voltooië patroon bestaan uit ses rye met die drie hoofkleure (0850, 0849, 0902) twee keer herhaal. Dit vorm strepe wat skuins van links na regs loop en nie gesentreer hoef te word nie.

AANWYSINGS: Merk die area wat geborduur gaan word met rygsteke op die gaas af. Ryg 'n stuk wol van ongeveer 46 cm deur die oog van die tapisserienaald — 'n woldraad wat te lank is, word met die heen en weer trek deur die gaas naderhand te dun. Volg die diagram en kleurkaart en begin met die donkerste blou wol (0850). Borduur 'n volledige skuins ry van die Z's van rand tot rand.



Begin deur die naald na die regte kant van die gaas, in die regte posisie vir die eerste steek, deur te steek en laat 'n kort stukkie wol aan die verkeerde kant hang. (Werk dié stukkie wol dan in die agterkant van die borduurwerk weg wanneer 'n hele paar steke gewerk is.) Neem die wol oor die regte aantal gaasdrade vir elke steek, volgens die diagram, en steek die naald dan na die verkeerde kant toe deur.

Werk die volgende volledige ry Z's met die tussenblou (0849) al langs die donkerblou ry en steek die naald in dieselfde gaatjies waar die kleure bymekaarkom. Slaan oor na donkerbeige (0902) en werk 'n volledige ry Z's daarmee. Begin dan weer met die donkerblou en hou so aan tot die gemerkte area met Z's bedek is.

Vul nou die oorblywende geometriese fatsoene in volgens die diagram in die kleure soos aangedui.

Hou die spanning van die steke so egalig moontlik, en moenie die steke te styf trek nie, want die gaas sal dan deur die borduurwerk gesien kan word. Werk die begin- en eindpunte van die wol aan die agterkant van die werk weg soos die werk vorder.

DIAGRAM



Die naald toon 'n steek wat voltooi is en 'n ander wat begin word. Elke steek word eintlik in twee stappe gewerk: (A) Steek die naald na die voorkant van die gaas deur en trek die wol deur. (B) Steek die naald deur na die agterkant van die gaas en trek die wol na die agterkant van die werk deur.